
Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE SUID-AFRIKAANSE LEËRKOLLEGE



**Die hoofgebou van die Leërkollege.** Foto; S Dok D

## INLEIDING

Die behoefte aan formele opleiding vir militêre aanvoering in Suid-Afrika bestaan sedert die eerste verdedigingskemas alhier ontwerp is. Hierdie tekort aan offisiere is aanvanklik uit die Garnisoen aan die Kaap bevredig. Toenemende militêre bedrywighede teen inboorlinge en die ontwikkeling van die kommandostelsel wat sy eie militêre leiers voortgebring het, het al hoe duideliker die gebrek aan offisiere met 'n gespesialiseerde militêre kennis beklemtoon. Sulke offisiere kon egter nie anders as deur formele opleiding beskikbaar gemaak word nie.

Hierdie probleem is verskerp deur die onvermoë van die VOC om sulke offisiere van sy ander kolonies na die Kaap te stuur en het dit gelei tot die opdrag aan goewerneur Van der Graaff om 'n "Militaire Kweekschool" onmiddellik na sy bewindsaanvaarding in die lewe te roep. Die VOC se toenemende ekonomiese probleme en die finale ineenstorting in 1795 het egter verhoed dat die voorneme tot uitvoer gebring is. 'n Eie Suid-Afrikaanse militêre skool is vir die volgende 120 jaar nooit verwesentlik nie.

## DE ZUID-AFRIKAANSE MILITAIRE SCHOOL (1912-1914)

Die oprigting van die Unie Verdedigingsmag (UVM) in 1912 het tot gevolg gehad dat 'n inrigting vir die opleiding van offisiere en instrukteurs in die lewe geroep is. In artikel 50 van die Suid-Afrikaanse Verdedigingswet is die doel van so 'n opleidingsinrigting t.o.v. opleiding soos volg uiteengesit:

> Kandidate vir benoeming tot kommissierang in die Verdedigingsmag.
> Offisiere in die Verdedigingsmag.
> Ander burgers wat volgens die bepalings van die regulasies vir toelating in die inrigting in aanmerking kom.

Die naam van hierdie inrigting sou die **Zuid-Afrikaanse Militaire School** wees. Die stigting van die Militêre Skool is verhaas deur die teenwoordigheid van die Britse besettingstroepe aangesien 'n eie Suid-Afrikaanse verdedigingsorganisasie eers ten volle beheer kon oorneem as dit ten volle funksioneer en by implikasie kon voorsien in die opleiding van sy eie offisiere en instrukteurs.

Dat die Suid-Afrikaanse Verdedigingstelsel 'n Britse patroon aangeneem het, spruit logies uit die strewe na interkoloniale samewerking en die gevolglike eenvormigheid in verdedigingstelsels van die Britse ryk — 'n gedagte wat reeds voor Uniewording deur verskeie beleidmakers gepropageer is. 'n Verdere tendens wat merkbaar was in die vroeë UVM-tydperk was dat die idee van 'n permanente leër vir die oud-republikeine onaanvaarbaar was en dat dit 'n simbool van vreemde oorheersing was, terwyl die Engelse bevolkingsdeel hierdie stelsel aanvaarbaar gevind het en met entoesiasme tot die jong weermag toegetree het.

Die nuwe militêre skool het te Bloemfontein begin funksioneer. Teen die einde van Junie 1912 was daar 51 offisiere van die ou koloniale korpse in die gewese presidentswoning saamgetrek vir die eerste kursus, waar op 1 Julie 1912 die eintlike stigting van die Militêre Skool plaasgevind het met maj. J. J. Collyer as eerste kommandant. 'n Verdere aanstelling met ingang van 1 Julie 1912 was kapt. T. Kroon ('n bekende Oud-Staatsartilleris) as kwartiermeester.

Die eerste kursusleier was 'n senior offisier van die Imperiale leër en die kursus was die voorloper van die latere G-tak (General Branch). Hierdie kursus is teen die einde van 1912 afgehandel en uit die kursusgangers is 36 offisiere gekies om die veertien militêre distrikte waarin die Unie van Suid-Afrika die volgende jaar verdeel is, te bedien.

## INSTRUKTEURSOPLEIDING

Staandemaginstrukteurs is vanaf 7 Augustus 1912 opgelei toe 58 manskappe, vanuit die ou Kaapse vrywilligerkorpse, in Bloemfontein byeengebring is. Hierdie groep is in 'n eskadron, bekend as die **Mounted Rifleman Training Squadron,** gegroepeer. Kenmerkend van hierdie eskadron was die feit dat hulle oorwegend Engelssprekend was en dat die voertaal tydens die kursus uitsluitlik Engels was.

Die instrukteursgroep het hul opleiding saam met die offisiersgroep van Junie 1912 ontvang en lede van laasgenoemde groep het regimentspligte by die eskadron waargeneem. Die instrukteurskursus was straf en het aspekte soos berede gevegsoefening met geweer en bajonet ingesluit. Slegs 29 van die instrukteurstudente het die kursus met sukses deurloop.

Die kursusse is verder bemoeilik deur swak kos, verskaf deur 'n kontrakteur, huisvesting in onvoldoende tente en slegs was- en skeerwater teen vriespunt. Handboeke was nie beskikbaar nie en selfs na mate hierdie probleem aandag geniet het, was daar slegs een handboek vir elke twaalf studente beskikbaar. Die moreel van die kursusgangers verdien egter vermelding. Die manne was te trots om te kla en dit wil voorkom asof hulle die ontberings geniet het.

**Artikel 12** van die **Verdedigingswet** bepaal dat militêre onderrig in beide landstale moet wees en skutter P. S. van Wijk het met 12 uur kennisgewing opdrag ontvang om instruksie in Hollands te gee. Deur die uitvoering van hierdie taak het skutter Van Wijk gedurende Oktober 1912 gekwalifiseer as die enigste tweetalige instrukteur in die UVM.

## SCHOOL OF MUSKETRY

Met lt-kol A. J. Carter as eerste bevelvoerder het die **School of Musketry** op 1 November 1912 te Tempe tot stand gekom. Uit hierdie inrigting ontwikkel die latere Tak Wapenleer van die S.A. Militêre Kollege. Die stigtingsdatum van hierdie skool was ook die datum

waarop die eerste kursus in skietkuns 'n aanvang geneem het.

Die gebrek aan Afrikaanse instrukteurs het 'n tweede onderoffisierskursus teen die einde van 1912 tot gevolg gehad. Hierdie kursus is saamgestel uit 60 Afrikaanssprekende kandidate en hulle was bestem as instrukteurs vir die Aktiewe Burgermag se vyftien distrikte — 'n verdeling wat op 1 Januarie 1913 plaasgevind het.

**ARTILLERIEOPLEIDING**

'n **School of Gunnery** is op 16 September 1912 te Auckland Park opgerig toe 44 studente wat vir indeling by die veldartillerie van die Suid-Afrikaanse Berede Skutters (SABS) bestem was, hul kursus begn het.

**GROEPERING VAN VERSKILLENDE OPLEIDINGSGROEPE**

Op 1 Januarie 1913 is die **Militaire School** van die presidentswoning in Bloemfontein na Tempe oorgeplaas en is besluit om die twee bestaande skole **(Militaire School** en **School of Musketry)** te verenig om uit die volgende vertakkinge te bestaan: 'n G-Tak, 'n Tak Skietkuns en 'n Tak Kookkuns. Spoedig is 'n **School of Medical Training** by voorgaande gevoeg terwyl lugvaartkunde as 'n vak in die vooruitsig gestel is.

Dit moet egter beklemtoon word dat die **Militaire School** te Tempe geen kollege waar studente oor 'n tydperk van jare as beroepsoffisiere opgelei word, was nie. Dit was 'n inrigting waar kort gespesialiseerde kursusse aangebied is in vakke soos drilkuns, taktiek, verkenning, veldkartografie, genie, militêre reg, skietkuns, mediese diens te velde, sein en kookkuns.

**'N MILITÊRE OPLEIDINGSDEPOT TE PRETORIA**

Terwyl die reeds vermelde opleiding in Bloemfontein voortgegaan het, is te Pretoria-Wes (op die perseel van die huidige S.A. Polisiekollege) in 1913, 'n depot vir algemene militêre- en polisie-opleiding opgerig met maj W. Manning as eerste kommandant. Berede Burgermagoffisiere, Staandemagoffisiere, Stafinstrukteurs en Polisie- asook Verdedigingsmagrekrute is hier opgelei. Die stroom van rekrute na hierdie opleidingsdepot het vinnig toegeneem en vanaf Junie 1913 is maandeliks 120 Burgermagoffisiere opgelei.

Die eerste groep instrukteurs het intussen hul opleiding te Bloemfontein voltooi en van Januarie 1913 verplaas na verskillende sentrums in die land. Twee van hierdie instrukteurs is na die opleidingsdepot in Pretoria verplaas as hoofskietkuns- en seininstrukteurs. Alvorens hulle egter met instruksie begin het, het hulle 'n maandlange kursus by die **Royal Engineers** te Roberts Heights deurloop.

**DIE BRITSE LEËR VERLAAT SUID-AFRIKA**

Die voorspel tot Wêreldoorlog I het onmiddellik tot gevolg gehad dat Britse besettingstroepe Suid-Afrika verlaat het. Met die Unie Verdedigingsmag nou in volle beheer van landsverdediging het dit tot 'n differensiasie tussen militêre- en polisiebedrywighede gelei. Gesamentlike opleiding is gestaak en alle algemene militêre opleiding vanaf die Depot na Tempe verskuif waar daar 'n **S.A. Military Training Depot** naas die Militaire School onder bevel van lt-kol M. J. de Jager opgerig is.

Die gebruik van beide landstale is vanaf 1 Januarie 1914 by die Militaire School toegepas, maar het in die praktyk tot die drilkuns, skietkuns en die militêre reg beperk gebly.

Die werklike uitbreek van die Wêreldoorlog het die sluiting van die **Militaire School** te Tempe en die oorplasing van die personeel na Potchefstroom vroeg in 1915 tot gevolg gehad. Hierdie personeel is gebruik vir die verskaffing van infanterie-opleidng aan vrywilligers vir buitelandse diens. Instrukteurs is ook aan Robertshoogte gestuur vir opleiding van berede magte vir binnelandse diens.

Hierdie verskuiwing in 1915 het die einde van die eerste poging van die UVM om 'n militêre skool in Suid-Afrika tot stand te bring, aangekondig.

**DIE OORSPRONG VAN DIE GEBOU VAN DIE LATERE S.A. MILITÊRE SKOOL**

Alvorens die herstigting van die nuwe S.A. Militêre Skool bespreek word, sal die herkoms van die gebou waarin die skool gehuisves is ondersoek word.

Net na die verowering van Pretoria in 1900 het die Britse besettingsmagte 'n soldatekantien op die ou Markplein aan die Kerkstraatkant in Pretoria opgerig. In die twee jaar wat daarop gevolg het, is 'n wins van £20 000 gemaak en het lord Kitchener besluit

om 'n ontspanningsaal vir sy manskappe daarmee op te rig eerder as om dit terug te ploeg in die reeds winsgewende kantien. Op die koppie aan die suidwestekant van Pretoria waaraan lord Kitchener sy voorganger, lord Roberts, se naam gekoppel het (Robertshoogte) is dertien dae na die Vrede van Vereeniging, op 12 Junie 1902, die hoeksteen van die gebou gelê, en het die Royal Engineers aan die werk gespring.
Die gebou, met rooi sandsteen op blokhuispatroon opgerig, was bekend as die **South African Institute** en het as ontspanningsaal vir Britse troepe diensgedoen tot hul vertrek in 1914. Na die ontruiming van die gebou het die beslissing t.o.v. die gebruik van die gebou lank agterweë gebly. Vir 'n tydjie is kerkdienste aldaar gehou, terwyl dit gedurende die oorlog as offisierskwartiere gebruik is. Tydens die griepepidemie van 1918 is dit as 'n hulphospitaal gebruik.

Onderhandelings na afloop van die oorlog het die gebou as 'n geskenk in die hande van die Departement van Verdediging laat beland. Die nuwe Militêre Skool van 1920 het die gebou ontvang met die laning dennebome wat toegang tot die terrein verleen, reeds aangeplant, terwyl die reusagtige jakarandabome in die binneplein ook reeds daar was. Die huidige paradegrond het vroeër as 'n rugbyveld diens gedoen terwyl beweer word dat die terrein eers 'n vlei was met wilde eende.

Die enigste ander gebou op die terrein was 'n groot gimnastieksaal wat in 1922 afgebrand het en toe is die huidige kleiner gimnastieksaal daar opgerig.

## DIE HERSTIGTING VAN DIE MILITÊRE SKOOL

Die jaar 1920 word in die geskiedenis van die UVM as 'n jaar van omwenteling en nuwe begin gekenmerk. Vyf regimente van die SABS (die werklike Staande Mag) is in die begin van 1920 ontbind en lede na die Polisiemag en ander verdedigingsmageenhede oorgeplaas. Dit het die begin van die vernuwingsbeleid aangekondig en is gevolg deur die besluit om alle opleiding te Robertshoogte te sentraliseer. Die verstrooide opleidingstakke is gevolglik te Robertshoogte in die vroeëre ontspanningsaal gegroepeer en is die Suid-Afrikaanse Militêre Skool in 1920 gestig.

Die eerste bevel is deur kol. W. E. C. Tanner gevoer en die inrigting het uit vier takke bestaan: die G-tak, die Tak Skietkuns, die Seintak en die Opleidingsdepot. Die kommandant, die administrasie en die G-tak is in die hoofgebou gehuisves terwyl die ander vertakkinge in 'n kamp aan die suidekant gehuisves was.

Gedurende Junie 1920 het die militêre opleiding reeds in volle beweging gekom en, hoewel die teorie van tweetaligheid ten volle aanvaar is, het Hollands in die praktyk nie tot sy reg gekom nie omdat boeke in gemelde taal bykans nie beskikbaar was nie en ook omdat Hollands in die Afrikaanse volksmond reeds gesterf het.

Na die stigting van die Suid-Afrikaanse Lugmag in 1920 is die Militêre Skool ook by hierdie jong korps betrek deurdat die Opleidingsdepot die personeel moes verskaf om die vlieguitrusting, wat vanaf Engeland aangekom het, by die Swartkopvliegveld te bewaak. In die daaropvolgende jare het die Militêre Skool ook die Lugmagkadette vir 'n gedeelte van hul opleiding ontvang.

Die ontoereikende onderwyspeil van die rekrute was een van die vele probleme wat die Militêre Skool ondervind het. Aangesien talle rekrute nie in besit van 'n standerd VI sertifikaat was nie, moes 'n geleentheid geskep word vir hulle om voortsettingsklasse by die plaaslike primêre skool by te woon.

## DIE SUID-AFRIKAANSE MILITÊRE KOLLEGE

Die Suid-Afrikaanse Militêre Skool is gedurende die eerste drie jaar van sy bestaan hoofsaaklik vir die opleiding van offisiere en onderoffisiere van die Burgermag gebruik. Teen die einde van 1922 is 12 kadette na 'n toelatingseksamen egter aangewys as die eerste groep om as beroepsoffisiere vir die Suid-Afrikaanse Staande Mag opgelei te word.

Hierdie nuwe verwikkeling het onmiddellik 'n opgradering in die status van die Militêre Skool vereis. Dit was nou noodsaaklik om dit op dieselfde vlak as soortgelyke offisiersopleidingsinrigtings in Engeland en Europa te bring. Nog voor die voltooiing van die eerste kadetkursus is die status van kollege aan die inrigting op 1 Julie 1924 toegeken.

Kadetopleiding het egter spoedig een van die lastigste probleme van die UVM geword. Die na-oorlogse herorganisasie en 'n gevolglike inkrimping van die Leër, veral in 1926, het tot gevolg gehad dat minder poste beskikbaar

was. Die tweede kadetkursus, wat op 6 Augustus 1924 'n aanvang geneem het en in Februarie 1926 afgehandel is, het 10 suksesvolle kandidate uit die 18 kursusgangers gehad, maar geen poste om hulle in te plaas, het bestaan nie. Twee is as onderoffisiere aangestel, drie is na die Lugmag oorgeplaas, drie is in die Staatsdiens opgeneem en twee het bedank uit die UVM en elders werk gaan soek.

Voor bogenoemde Staandemagkadetkursus voltooi is, het die eerste Lugmagkadetkursus op 4 Januarie 1926 by die S.A. Militêre Kollege begin. Vir hierdie vakatures in die Lugmag is 223 aansoeke ontvang. Die Lugmag het in 1927 'n tweede Lugmagkadetkursus by die kollege van stapel gestuur, terwyl die Leër eers in 1929 dit moontlik gevind het om 'n derde Staandemagkadetkursus te begin. Laasgenoemde kursus is op 30 Januarie 1930 met die derde Lugmagkursus geamalgameer.

Van 1930 is die beginsel van gesamentlike opleiding deurgaans tot 1939 gehandhaaf. Voortaan sou kadette gesamentlik opgelei word vir diens by die infanterie, artillerie of Suid-Afrikaanse Lugmag. Dit is dus van kadette verwag om gedurende hul opleiding te toon waar hul aanleg is en hulle word sodoende by een van die drie vertakkinge ingedeel.

## UITBREIDING EN GROEI VAN DIE KOLLEGE

Die uitbreiding in status het meegebring dat die S.A. Militêre Kollege ook met ander kursusse, afgesien van kadetopleiding, te doen sou hê. Op 28 September 1925 het 26 Staandemagoffisiere met die eerste bevorderingskursus vir offisiere by die Kollege begin.

Dwarsdeur die wêreld het die landmagte begin moderniseer en meganiseer en ook in Suid-Afrika het hierdie tendens posgevat. Die jaar 1926 is veral in hierdie verband van belang aangesien daar by die Kollege 'n begin gemaak is met voorlesings aan lugmagoffisiere oor leërorganisasie, verkenning en taktiek met die doel om die lug- en landmag se funksies te koördineer. Ook is met lugafweeropleiding en pantseropleiding 'n aanvang geneem en die Seintak van die Kollege het gedurende gesamentlike oefeninge van die artillerie en Lugmag radioverbinding bewerkstellig.

'n Verdere uitbreiding in kursusse het op 16 Mei 1927 plaasgevind toe die eerste kursus vir stafoffisiere begin het en tot 25 Junie 1927 geduur het. Dertien offisiere het hierdie kursus deurloop.

Uitbreiding van die Kollege-aktiwiteite het meer ruimte geverg en die ou klipgebou net ontoereikend geword met die gevolg dat die administratiewe blok in 1927 opgerig en die G-tak daarheen verskuif is. In dieselfde jaar is 'n oorlogsgedenkteken, 'n Britse 1916-model tenk, gewy aan studente van die ou Militaire School wat in die vorige Wêreldoorlog gesneuwel het, opgerig.

Gedurende 1928 is 'n onderoffisiersmenasie, 'n kampong vir nie-blanke bediendes en bykomende pakkamers voltooi. Gedurende 1930 is 40 rondawels as woonkwartiere vir kadette en studente opgerig en is die hoofgebou nie meer as slaapkwartiere gebruik nie. Die eetsaal en menasiegeriewe is egter in die hoofgebou gelaat.

'n Wêreldwye oplewing in die liggaamlike opvoeding, veral van 1936 het gelei tot 'n ondersoek in Europa gedurende 1937 oor hierdie aangeleentheid. Hierdie belangstelling is versterk deur twee instrukteurs wat deur die Britse regering aan die UVM geleen is om te help met die oprigting van 'n Tak Liggaamlike Opleiding. Op 1 Mei 1938 is so 'n tak aan die S.A. Militêre Kollege gestig. Hierdie uitbreiding het beteken dat liggaamlike opvoeding in die UVM spoedig op 'n wetenskaplike basis deur hierdie tak gehanteer is.

Die radio het skielik in die dertiger jare 'n oorheersende rol in kommunikasie begin speel en het gelei tot 'n uitbreiding van die Seintak in omvang en belangrikheid. Hierdie uitbreiding was sodanig dat die Seintak kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog van die Militêre Kollege weggebreek het en 'n selfstandige opleidingsinrigting geword het.

Tot met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die S.A. Militêre Kollege opleiding aan 6 227 offisiere en 8 359 manskappe verskaf.

## TWEEDE WÊRELDOORLOG

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het veroorsaak dat die kursusse vermeerder moes word en hoewel korter, meer intensief. Vyf addisionele opleidingstakke is gestig, nl. die Tak Kommando-opleiding, Tak Verberging en Vermomming, Tak Chemiese Oorlogvoering, Pantsertak en Tak Regimentsopleiding. 'n Verdere uitbreiding het gevolge toe opleiding ook aan dames verskaf is en wel deur die Tak Liggaamlike Opleiding.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za




**Die Leërkollege se vaandel.** Foto: **S Dok D**

In Mei 1941 het hierdie ontwikkeling tot die eerste aanstelling van 'n dame op die doserende personeel van die Kollege gelei.

Die opleiding aan die Kollege het in die oorlogsjare ook 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Die gebruiklike kadetopleiding is vervang deur 'n kursus van ses maande aan een bepaalde tak en sodoende is offisiere opgelei vir slegs een dienswapen. Die klem het egter op die opleiding van infanterie-offisiere geval.

## NA-OORLOGSE TYDPERK

Die beëindiging van die oorlog in 1945 het tot 'n logiese inkrimping van die UVM gelei en hierdie beleid het ook sy invloed op die Kollege gehad. Die takke Chemiese Oorlogvoering en Vermomming en Verberging het reeds opgehou funksioneer teen die einde van 1945, terwyl die Tak Regimentsopleiding die insinking 'n tydlank oorleef het, maar in 1951 finaal deur die Tak Wapenleer oorgeneem is.

Uitbreiding om aan te pas by die nuwe eise van die UVM was egter ook aan die orde van die dag. Die Administrasie- en Krygsbehoeftetak is op 19 Julie 1950 in die lewe geroep om offisiere en manskappe agtergrond te gee vir administrasie en bevoorrading in vredestyd sowel as te velde.

Die vooroorlogse stelsel van kadetopleiding is in 1947 hervat, maar 'n klemverskuiwing t.o.v. die opleiding het gaandeweg ingetree. Die insluiting van akademiese opleiding, benewens die blote professionele opleiding as soldaat en offisier, het aandag geniet. In 1947 reeds is voorlesings in Staatsleer, Ekonomie en Militêre Geskiedenis vir kadette gehou. In 1950 is die Tak Weermagakademie in die lewe geroep en is daar, in samewerking met die Universiteit van Pretoria 'n militêre Baccalaureusgraadopleiding aan kadette van die Leër en Lugmag verskaf. In 1950 is die eerste 30 kandidate onder hierdie skema ingeskryf, maar slegs vier het daarin geslaag om aan die einde van 1952 'n graad te behaal.

Op 7 Desember 1951 is die S.A. Lugmagkollege gestig en van Februarie 1952 is die opleiding van Lugmag- en Leërkadette finaal militêr en administratief geskei.

Op 6 November 1953 het die Tak Wapenleer 'n naamsverandering ondergaan en sou as die Infanterieskool steeds deel van die S.A. Militêre Kollege bly. Op 1 Januarie 1962 het die Administrasie- en Krygsbehoeftetak sy verbintenis met die Kollege verbreek en word Diensvakskool.

'n Inligtingstak word op 1 Januarie 1963 gestig en is op 1 April 1963 gevolg deur 'n Kern-, Biologiese en Chemiese Oorlogvoeringtak. Kort hierna, op 1 Oktober 1963 word die Infanterieskool 'n selfstandige eenheid en verskuif na Oudtshoorn.

Met ingang van 1 Maart 1968 word die naam van die S.A. Militêre Kollege verander na die S.A. Leërkollege.

## EXTRACT FROM THE FIRST ANNUAL REPORT OF THE DEPARTMENT OF DEFENCE [1914]

11. **The Military Schools.**

It is proposed, on the first January, 1914, to concentrate all the training establishments which are common to the whole of he Forces in conformity with a system of suitable decentralization — under one Commandant. These schools will include a General Branch, a Musketry Branch, a Signalling Branch, a Cookery Branch and any other Branches which it may be found from time to time convenient to add.

For the period dealt with in this report, however, the only Branches which were in existence were the General Branch (styled the South African Military School) and the Musketry Branch (styled the South African School of Musketry).

### The South African Military School.

On the completion of the course mentioned in section 2 of this report, the use to which the School was to be put from the 1st January, 1913, became a point for revision.

Though for six months attendance at courses would not become compulsory, it was eventually determined that the School should at once be started on the lines which were to govern its work in the future. The main motives which prompted this decision were a desire to afford the staff an experience of what might be looked for when the institution started its normal work, and the view that it was most desirable that the existence of the School should be brought to the notice of the members of the Forces.

The annual courses include (a) a six weeks' staff course for officers of the South African Mounted Riflemen, designed to give Regimental Officers an insight into the principles of staff duties: (b) an Intelligence Course for the purpose of testing officers for fitness to undertake intelligence duties in the field (the names of officers who prove themselves fit for this work are recorded); (c) a Reconnaissance Course for Non-Commissioned Officers of Mounted Units and (d) Promotion Courses for officers of the Citizen Force.
If enough oficers for (a) are not forthcoming from the South African Mounted Riflemen any deficiency is made up by the attendance of citizen officers of a certain rank and proved efficiency. The courses under (b) and (c) are arranged for four permanent officers and four citizen officers and for twelve permanent Non-Commissioned Officers and twelve Citizen Non-Commissioned Officers respectively.

As regards the Promotion Courses mentioned under (d) it may be well to offer some observations, for considerable misunderstanding exists as to the purpose of these Courses, and misleading comment has been made. The reason for arranging this instruction was that it was a constant complaint on the part of

officers of the former Auxiliary Forces that there was little or no opportunity of obtaining information or assistance in respect of their preparation for Promotion Examinations. To do away with this difficulty to some extent. it is now laid down in Regulations that every officer of the Citizen Force, before taking each of his Promotion Examinations, must have attended a three weeks' course at the Military School. At this course instruction is given in the subjects in which the officers are expected to pass in their Promotion Examinations, and the instruction is so planned as to afford them information on the necessary points, suggest lines on which they can pursue their private study, and generally prepare them as far as possible for the tests.

The courses are not expected to achieve any thing beyond affording useful help to busy men who cannot spare the time to explore various sources of information which might perhaps be reached by them after long search. It is not claimed that attendance at a preparatory course of this nature produces a finished professional soldier.

As will be gathered from the report of the Commandant of the Military School, of which a copy is attached hereto as annexure "B", and which covers a period of six months, the School has provided certain instruction to meet unexpected demands. This has caused some inconvenience and extra work, but as the programme had not been settled, these emergency arrangements have been possible. In future it will be a difficult matter to alter a programme once drawn up without a very bad effect on instructional arrangements. It is, however, not likely that such an emergency will again occur.

**The South African School of Musketry.**

A copy of the report of the Commandant of the School of Musketry is attached as annexure "C", and covers a period of three months.

With reference to this report it may be stated that, as in the case of the Military School ,the entirely voluntary nature of the attendance accounts for the comparatively small number of students referred to by the Commandant in paragraph 3 of his report.

The Instructors mentioned in paragraph 5 of that report have since qualified.

The unsatisfactory state of affairs disclosed in paragraph 8 has been remedied.

As regards paragraph 9 a great advance has been made in instruction in the Dutch language since the report was written.

On the 1st January, 1914, the authorities will be in a position to give instruction at the schools in all subjects in either of the official languages.

As may be supposed, the difficulty experienced in providing ordinary bi-lingual Instructors is accentuated when highly trained specialists are required. There should, however, be no difficulty whatever in future in this respect, for the necessity for instruction in both official languages is realised, and this being so, it can be provided for in the far more favourable conditions which will exist as the consequence of the formation of a trained Dutch-speaking staff from which to select Instructors who are good in special lines.

12. In conclusion, it may not be out of place to record that it can be safely stated that a general and striking keenness and anxiety to benefit by the instruction provided is to be remarked on the part of all concerned, and that judging from the observations which it has been possible to make at the schools there appears to be growing a most encouraging recognition by all who attend of a common duty and purpose to which their energies should be devoted.

J. J. COLLYER, Major,

Staff Officer for General Staff Duties.

Defence Headquarters, Pretoria.

22nd December, 1913.